**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 1: VROË EKONOMIESE ONTWIKKELING EN DIE ONTSTAAN VAN HANDEL** ***MEMORANDUM***

**1 Wat is ’n selfvoorsienende ekonomie?**

’n Ekonomie waar elke huishouding self produseer wat vir onmiddelike verbruik benodig word.

**2 Wat is die kenmerke van ’n selfvoorsienende ekonomie met betrekking tot (a) grondbesit en (b) handel?**

(a) Gemeenskaplike grondbesit (b) Geen handel

**3 Hoe hoog was mense se lewenstandaard in die selfvoorsienende ekonomie?**

Baie laag, hoofsaaklik voorsiening van voedsel.

**4 Wat is ’n voorvereiste vir ruilhandel met betrekking tot produksie?**

Mense moet in die vervaardiging van verskillende produkte spesialiseer en ’n surplus produseer van die produkte waarin hulle spesialiseer.

**5 Wat was problematies van ruilhandel met betrekking tot die sluit van transaksies?**

Dit was moeilik vir ’n persoon wat een produk wou ruil vir ’n ander produk, om ’n ander persoon met die regte produk te kry wat bereid sou wees om te ruil.

**6 Watter voordeel het ’n stelsel van ruilhandel bo die stelsel van selfvoorsiening gehad met betrekking tot produkte?**

’n Groter hoeveelheid en ’n groter verskeidenheid produkte was beskikbaar.

**7 Noem die twee basiese funksies van geld met betrekking tot (a) waardebepaling en (b) transaksies.**

(a) Geld maak ’n objektiewe waardebepaling van produkte moontlik.

(b) Dit vergemaklik die sluit van transaksies.

**8 Hoe het die ontstaan van ’n geskrewe taal handel bevorder?**

Dit kon produkte en transaksies beskryf en waarde in syfers uitdruk

**9 In watter instansies was ekonomiese mag gesetel gedurende die Middeleeue?**

In die adel, die kerke en die groot grondbesitters.